

#13

MAKLIK

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 2/10
**Vaardigheidsvlak** 2/10
**Tyd nodig** 1 dag

Voor

Spuit blokke vir 'n vars voorkoms!

# Soos 'n nuwe

*Deur* **Shelly Bergh**
*Foto's* **Ed O'Riley**

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- krytverf in verskillende kleure

**GEREEDSKAP**
- verfspuit • verfkwaste
- maatband • slaglyn (of kryt en 'n reihout)

## Só maak jy ...








**1** Verdun jou krytverf met 10% water of totdat dit dun genoeg is om deur jou verfspuit te loop. Spuit dan twee lae krytverf oor die hele mat. Ons het Tjhoko Paint in die kleur Holiday's Coral gebruik. **Wenk** Raadpleeg jou verfspuit se aanwysings en maak seker jou verf is die regte dikte.

**2** Meet en merk groot vierkante of reghoeke op jou mat. Gebruik 'n slaglyn of trek die lyne met kryt en 'n reihout vir netjiese blokvorms.





**3** Verf nou elke tweede blok in 'n ander kleur – gebruik enige oorskiet-krytverf wat jy het. Verdun dit effens met water indien nodig sodat dit makliker versprei.



Rusbank van Sofacompany; kanttafels van Superbalist



### [SÓ GEBRUIK JY KRYTVERF IN 'N VERFSPUIT]

**Dieter Seyfferdt van Brits in Noordwes bou meubels, maak winkels mooi – en is 'n spuitverf-spesialis. Hy verkies Tjhoko Paint "want dit verdun maklik en spuit egalig". Hier is sy krytverf-spuitwenke.**

- As jy meubels spuit, maak seker dis mooi skoongemaak met lakverdunner voordat jy begin spuitverf.
- Ek verdun my krytverf met ongeveer 20% water en toets dan eers op 'n ou stuk hout of die vloei reg is – indien nie, gooi nog 'n bietjie water by.
- Met krytverf spuit ek liefs twee dun lae pleks van een dik laag om te voorkom dat die verf trane maak. Dit verseker ook dat die hele oppervlak bedek is.
- Ek gebruik 'n olievrye kompressor aangesien dit aansienlik minder raas.
- As daar wind is, hang 'n afskorting van plastiek dat die verf nie op ander items soos jou voertuig beland nie.

**KONTAK** 084 019 4836, hiepprojects@gmail.com, facebook.com/Hiep Projects

**KONTAK EN VERSKAFFERS Shelly Bergh** shellybergh.com **Sofacompany** 021 200 5904, za.sofacompany.com **Superbalist** 087 362 7300, superbalist.com